

9 September

Genesis 48:17-20

(Teks: 48:18 en 19) Dit hoort nie so nie, pa!

Jakob het vreemd opgetree toe hy sy kleinkinders, die seuns van Josef, geseën het. Hy het vir Efraim as eersgeborene geseën in die plek van Manasse. Josef het gedink sy bejaarde pa maak 'n fout. Daarom het hy sy pa se hande gegryp om dit van die kop van Efraim oor te dwing na dié van Manasse. En hy het uitgeroep: "Dit hoort nie so nie, Pa!"

God tree ook baie keer vreemd op met mense. Ondeurgrondelik en onnaspeurlik is sy weë. Dan kom daar dikwels stille protes in ons gedagtes op teen die onbegryplike bestuur van God: "Nie so nie, Vader... As U deur die dood u hand op iemand wil lê, laat dit dan wees op die verswakte bejaarde, die jarelange sieke, die verminkte, die lewensmoeë, maar nie op hierdie kindjie of jongmens in die fleur van sy lewe nie". Maar ons hemelse Vader maak nie 'n fout nie. Hy weet wat Hy doen.

Jakob het nie sy handeling verklaar nie. Die ontstelde Josef het Hom net hoor sê: "Ek weet". Dit was vir Josef genoeg. Sy protes het bedaar.

Hy het berus by die wil van sy vader. So moet ons ook vir ons Vader vertel van ons ontsteltenis, swaarkry, hartseer, verbystering, eensaamheid. Hy is 'n begrypende Vader, Hy antwoord in sy Woord: "Ek weet, my kind... Ek weet". Hy antwoord in Jesus Christus: "Ek weet my kind... Ek weet hoe groot jou ellende is". Deur sy Gees verseker Hy ons van die waarheid van dié Woord. Hy gee rus en vrede vir 'n onstuimige gemoed. Ons Vader verstaan!

Hoewel sy dade soms onbegryplik is, is dit altyd aanbiddelike wys en liefdevol. Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël, maar eendag sal ons ten volle verstaan. Sy dade strek altyd tot die beswil van sy kinders!

Sing Psalm 42:5

Dr. FP. Viljoen (George)